


Republic of South Africa

Republiek van Suid-Afrika



Government Gazette

Buitengewone Extraordinary

Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 35)

(REGULASIEKOERANT No. 35)

VOL. II.] PRICE 5c. PRETORIA, 20 OCTOBER 1961. PRYS 5c. [No. 100.

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 108, 1961.]

HUMAN TRYPANOSOMIASIS (SLEEPING-SICKNESS).—EASTERN CAPRIVI ZIPFEL.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (1) of section *three* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), I do hereby declare that, from the date of promulgation hereof, the laws contained in the Schedule hereto shall be of force and effect in the area known as the Eastern Caprivi Zipfel.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Eleventh day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE WET NEL,
P. 121/4/5.

SCHEDULE.

CASES OR SUSPECTED CASES OF HUMAN TRYPANOSOMIASIS (SLEEPING-SICKNESS) TO BE REPORTED.

1. Whenever a case of or a death from human trypanosomiasis (sleeping-sickness) or a case of illness with symptoms, signs, or history suggestive of or consistent with that disease or a death following upon such illness comes to the knowledge of a medical practitioner, he shall forthwith report such case or death to the Magistrate of the Eastern Caprivi Zipfel (hereinafter referred to as "the Magistrate") furnishing—

- (a) the name, age and sex of the person concerned or of the deceased;
- (b) the history and symptoms of the case; and
- (c) the present address of the person concerned or, in the case of a death, the place at which the death occurred.

2. The person in charge of a dwelling, premises, kraal or other place shall forthwith report to the Magistrate every suspected case of or death from human trypanosomiasis (sleeping-sickness), or every case of illness with the symptoms described below or a death following upon such an illness in such dwelling, premises, kraal or place, and shall furnish to the Magistrate—

- (a) the name, age and sex of the person concerned or of the deceased;
- (b) the history and symptoms of the case; and
- (c) the address of the person concerned or, in the case of a death, the place at which the death occurred.

A—1920919

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 108, 1961.]

MENSLIKE TRYPANOSOMIASIE (SLAAPSIEKTE).—OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), verklaar ek hierby dat, met ingang van die datum van afkondiging hiervan, die wette vervat in bygaande Bylae van krag is in die gebied bekend as die Oostelike Caprivi Zipfel.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Elfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE WET NEL.

P. 121/4/5.

BYLAE.

GEVALLE OF VERDAGTE GEVALLE VAN MENSLIKE TRYPANOSOMIASIE (SLAAPSIEKTE) MOET AANGEMELD WORD.

1. Wanneer 'n geval van 'n sterfgeval as gevolg van menslike trypanosomiasie (slaapsiekte) of 'n geval van ongesteldheid met simptome, tekens, of geskiedenis wat dui op of bestaanbaar is met daardie siekte of 'n sterfgeval wat volg op sodanige ongesteldheid tot die kennis van 'n mediese praktisyn kom, moet hy sodanige geval of sterfgeval onverwyld by die Landdros van die Oostelike Caprivi Zipfel (hieronder „die Landdros” genoem) aanmeld en die volgende verstrek:—

- (a) Die naam, ouderdom en geslag van die betrokke persoon of die oorledene;
- (b) die geskiedenis en simptome van die geval; en
- (c) die huidige adres van die betrokke persoon of, in die geval van 'n sterfgeval, die plek waar dit voorgekom het.

2. Die persoon aan die hoof van 'n woning, perseel, kraal of ander plek moet elke verdagte geval van of sterfgeval as gevolg van menslike trypanosomiasie (slaapsiekte) of elke geval van ongesteldheid met die simptome hieronder beskryf of 'n sterfgeval wat volg op so 'n ongesteldheid in sodanige woning, perseel, kraal of plek, onverwyld by die Landdros aanmeld en die volgende verstrek:—

- (a) Die naam, ouderdom en geslag van die betrokke persoon of die oorledene;
- (b) die geskiedenis en simptome van die geval; en
- (c) die adres van die betrokke persoon of, in die geval van 'n sterfgeval, die plek waar dit voorgekom het.

1—100.

Symptoms.—Intermittent attacks of fever, which may be slight, followed by progressive muscular weakness and emaciation, shortness of breath on exertion and, in the last stages of the illness, drowsiness and lethargy.

3. The Magistrate shall forthwith notify the Secretary for Health, Pretoria, of any report made and information furnished to him in terms of sections 1 and 2.

CASES OR SUSPECTED CASES OF HUMAN TRYPANOSOMIASIS (SLEEPING-SICKNESS) MAY BE REMOVED AND DETAINED.

4. (1) The Magistrate may, upon information that a person is suffering or is suspected to be suffering from, or is harbouring the infection of human trypanosomiasis (sleeping-sickness) and refuses medical examination or treatment therefor, by writing under his hand order that person to be removed to and detained at a place specified in such order, there to be placed under medical observation or surveillance and treatment for a period stated in the order: Provided that the Magistrate may—

- (a) from time to time extend the period stated in the order; and
- (b) at any time cancel the said order.

(2) Any order issued by the Magistrate in terms of subsection (1) shall be carried into execution by the persons specified therein.

PENALTIES.

5. Any person who—

- (a) fails to make a report or to furnish the information required in terms of section 1 or 2; or
- (b) fails to comply with the provisions of an order issued in terms of section 4; or
- (c) without the permission of the Magistrate leaves any place to which he has been removed in terms of section 4;

shall be guilty of an offence and shall upon conviction be liable to a fine not exceeding fifty rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. R. 863.] [20 October 1961.
CORRECTION NOTICE.

General Notice No. R. 118 embodying the Instructions governing the South African Railways and Harbours Tender Board, published in *Government Gazette Extraordinary* No. 45 of 21st July, 1961, is hereby corrected by the substitution for the word "departures", where it appears in the third line of Instruction No. 31, of the word "departments".

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. R. 877.] [13 October 1961.
REGULATIONS UNDER SECTION TWELVE OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT No. 73 OF 1957).

INFORMATION TO BE FURNISHED BY PRIVATE EDUCATIONAL INSTITUTIONS.

The State President has made the following regulations under section twelve of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957):—

REGULATIONS.

1. These regulations shall apply to any school or training institution in the Republic, whether conducted by a natural or juristic person, which is not maintained by

Simptome.—Koorstaanvalle met tussenpose, wat van geringe graad kan wees, gevolg deur toenemende spier-verswakking en vermaering, asemnood by inspanning en, gedurende die eindfase van die ongesteldheid, lomerigheid en letargie.

3. Die Landdros moet die Sekretaris van Gesondheid, Pretoria, onverwyld van enige rapport en inligting wat ingevolge artikels 1 en 2 aan hom verstrekkend is, verwittig.

GEVALLE OF VERDAGTE GEVALLE VAN MENSLIKE TRYPANOSOMIASIE (SLAAPSIEKTE) KAN VERWYDER EN AANGEHOU WORD.

4. (1) Die Landdros kan, op inligting dat 'n persoon aan menslike trypanosomiasie (slaapsiekte) ly of vermoedelik daaraan ly of die besmetting daarvan herberg en mediese ondersoek en behandeling daarvoor weier, deur 'n geskrif onder sy handtekening gelas dat daardie persoon verwyder word na en aangehou word op 'n plek voorgeskryf in sodanige bevel om daar onder mediese waarneming of toesig en behandeling geplaas te word vir die tydperk in die bevel genoem: Met dien verstande dat die Landdros—

- (a) van tyd tot tyd die tydperk in die bevel genoem, kan verleng; en
- (b) te eniger tyd die bevel kan intrek.

(2) 'n Bevel wat deur die Landdros kragtens subartikel (1) uitgereik is, moet deur die persoon daarin gespesifiseer, uitgevoer word.

STRAWWE.

5. Enigeen wat—

- (a) versuim om die rapport te maak of die inligting te verstrek soos by artikel 1 of 2 vereis; of
- (b) versuim om aan die bepalings van 'n bevel wat kragtens artikel 4 uitgereik is, te voldoen; of
- (c) sonder die Landdros se toestemming enige plek waarheen hy kragtens artikel 4 verwyder is, verlaat;

begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEE, HAWENS EN LUGDIENS.

No. R. 863.] [20 Oktober 1961.
VERBETERINGSKENNISGEWING.

Algemene Kennisgewing No. R. 118 wat die Instruksies van toepassing op die Tenderraad van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens bevat en gepubliseer is in *Buitengewone Staatskoerant* No. 45 van 21 Julie 1961, word hierby verbeter deur die woord „departures”, waar dit in die derde reël van die Engelse lesing van Instruksie No. 31 voorkom, deur die woord „departments” te vervang.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. R. 877.] [13 Oktober 1961.
REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL TWAALF VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET No. 73 VAN 1957).

INLIGTING WAT DEUR PRIVATE ONDERWYS-INRIGTINGS VERSTREK MOET WORD.

Die Staatspresident het die volgende regulasies kragtens artikel twaalf van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), uitgevaardig:—

REGULASIES.

1. Hierdie regulasies is van toepassing op 'n skool of opleidingsinrigting in die Republiek, hetsy deur 'n natuurlike persoon of regs persoon bestuur, wat nie deur 'n

a provincial administration, or maintained or subsidized by the Government and which provides instruction, tuition or training to children or adult persons in the fields of academic, vocational, cultural or recreational studies.

2. The principal or, if there is no principal, the person in charge of any school or institution referred to in Regulation 1 shall, on or before the 30th June of every year, render to the Director of Census and Statistics, Pretoria, on a form obtainable from him, a return furnishing particulars relating to the matters set out in Regulation 3 in so far as such matters apply in his case.

3. Particulars in respect of the following matters shall be furnished and, unless the context indicates otherwise, the particulars furnished shall reflect the position as on the first Tuesday of June of the current year:—

- (a) Postal address, geographical situation, and date of establishment of school or institution.
- (b) The religious denomination with which the school or institution is identified (if any).
- (c) Name of the person or body owning or controlling the school or institution.
- (d) Nature of education or training given, and medium of instruction.
- (e) Number of scholars, pupils, students or trainees enrolled on the first Tuesday of June of the current year, classified according to age, sex, race and standard or course taken. The classification according to standard must, where applicable, be in accordance with the system recognised by the Department concerned with public education, with which the school or institution is registered if such registration is required by law.
- (f) The subjects in which the scholars, pupils, students or trainees in the various courses or standards as specified under (e) receive instruction and the number of scholars, pupils, students or trainees who receive instruction in each subject according to race and sex.
- (g) Number of scholars, pupils, students or trainees whose permanent residence or domicile is outside the Republic, classified according to race and country of permanent residence or domicile.
- (h) In the case of schools or institutions which provide general academic education on a full-time basis, the movement of the school population during the previous school year, namely—
 - (i) the influx or first admissions to school according to age, sex, school previously attended, if any, and standard of the pupils admitted;
 - (ii) the efflux of pupils according to sex, standard left and reason for leaving;
 - (iii) number of pupils, who were promoted to a higher standard, who had to repeat the same standard or who were placed in an adaptation or special class, according to sex and standard.
- (i) Number of boarding establishments attached to the school or institution, if any, and the number, race and sex of scholars, pupils, students or trainees resident therein.
- (j) Number of school and hostel staff according to race, sex, occupational designation and whether permanent, temporary, full-time or part-time, as well as the academic and/or professional qualifications of the teaching staff.
- (k) Whether the school or institution has a lending library, and if so, the following particulars in respect thereof:—
 - (i) Number of books in stock, classified according to language, as at the end of the latest calendar year.

provinsiale administrasie in stand gehou of deur die Regering in stand gehou of gesubsidieer word nie, en wat onderrig, onderwys of opleiding verskaf aan kinders of volwasse persone op die gebied van akademiese, beroeps-, kulturele en ontspanningstudies.

2. Die hoof of, indien daar geen hoof is nie, die persoon wat in die beheer is van 'n skool of inrigting wat in regulasie 1 genoem word, moet op of voor die 30ste Junie van elke jaar aan die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria, op 'n vorm wat by hom verkrygbaar is, 'n opgawe verskaf, wat besonderhede verstrek van die sake wat in regulasie 3 uiteengesit word, vir sover dié sake in sy geval van toepassing is.

3. Besonderhede ten opsigte van die volgende sake moet verstrek word, en tensy die verband anders aandui, moet die verstrekte besonderhede die posisie soos op die eerste Dinsdag in Junie van die lopende jaar aantoon:—

- (a) Posadres, geografiese ligging en datum van oprigting van die skool of inrigting.
- (b) Die kerkgenootskap waarmee die skool of inrigting geïdentifiseer word (indien daar is).
- (c) Naam van die persoon of liggaam wat die eenaar van die skool of inrigting is of wat die skool of inrigting beheer.
- (d) Die aard van die onderwys of opleiding wat gegee word en voertaal.
- (e) Getal skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge, ingeskrif op die eerste Dinsdag van Junie van die lopende jaar, geklassifiseer volgens ouderdom, geslag, ras en standaard of kursus wat gevolg word. Die klassifikasie volgens standaard moet, waar van toepassing, in ooreenstemming wees met die sisteem wat erken word deur die Departement betrokke by die openbare onderwys, waarby die skool of inrigting geregistreer is, indien sodanige registrasie by wet vereis word.
- (f) Die vakke waarin die skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge in die verskillende kursusse of standerds soos gespesifiseer onder (e) onderrig ontvang en die getal skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge wat in elke vak onderrig ontvang volgens ras en geslag.
- (g) Getal skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge wie se permanente verblyfplek of domisilie buitekant die Republiek is, geklassifiseer volgens ras en land van permanente verblyfplek of domisilie.
- (h) In die geval van skole of inrigtings, wat algemene akademiese onderwys op 'n voltydse basis verskaf, die beweging van die skoolbevolking gedurende die vorige skooljaar, naamlik—
 - (i) die eerste toelatings tot die skool volgens ouderdom, geslag, skool voorheen bygewoon indien daar is, en standaard van die leerlinge wat toegelaat is;
 - (ii) die skoolverlatings van die leerlinge volgens geslag, standaard by skoolverlating en rede vir skoolverlating;
 - (iii) getal leerlinge wat tot 'n hoër standaard bevorder is, wat dieselfde standaard moes herhaal, of wat in 'n aanpassingsklas of spesiale klas geplaas is, volgens geslag en standaard.
- (i) Getal losiesinrigtings wat aan die skool of inrigting verbonde is, as daar is, en die getal, ras en geslag van die skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge wat daarin gehuisves word.
- (j) Getal skool- en losieshuispersoneel volgens ras, geslag en beroepsaanwysing en of hulle vas, tydelik, voltyds of deelyds is, asook die akademiese en/of professionele kwalifikasies van die doserende personeel.
- (k) Of die skool of inrigting 'n leenbiblioteek het, en indien wel, die volgende besonderhede ten opsigte daarvan:—
 - (i) Getal boeke in voorraad, geklassifiseer volgens taal, soos aan die einde van die jongste kalenderjaar.

(ii) The number of books borrowed by the scholars, pupils, students or trainees, classified according to language, during the latest calendar year.

(l) Whether or not the school or institution makes use of radio lessons, films, film-strips, gramophone records and wire or tape recorders.

4. Any person who, without reasonable cause, fails to comply with the requirements of these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand.

5. These regulations supersede those published under Notice No. 674 in the *Government Gazette*, dated 12th April, 1938.

N.B.—The purpose of these regulations is to extend the scope of the statistics relating to private educational institutions and to achieve greater uniformity with the data collected in respect of public education.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. R. 866.] [20 October 1961.
AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE CISKEIAN TERRITORIAL AUTHORITY.

The State President has been pleased to amend, in terms of the powers vested in him by section *seventeen* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), the regulations set forth in the Schedule to Government Notice No. R. 496 of 1961, as follows:—

(a) By the substitution in the definition of "chairman" in regulation 1 for the words "or his deputy" of the words "and includes any deputy chairman".

(b) By the insertion in regulation 1 after the definition of "chairman" of the following definition:—

"Chief Executive Officer includes the Deputy-Chief Executive Officer."

(c) By the insertion in regulation 2 after the word "chairman" of the words "or deputy-chairman".

(d) By the insertion in regulation 20 of the following sub-regulations, the existing regulation becoming sub-regulation (1):—

(2) A deputy-chairman who shall be the Deputy-Chief Executive Officer, being a member of the Territorial Authority, shall, subject to the approval of the Minister, be appointed by the Executive Committee not later than fourteen days before the commencement of each annual ordinary meeting of the Territorial Authority and such person shall, for the purposes of these regulations, be the deputy of the chairman referred to in paragraph (2) of Government Notice No. R. 496 of 1961.

(3) The deputy-chairman shall hold office for a period of one year or until that meeting of the Executive Committee convened for the purpose of appointing a deputy-chairman who, if not already appointed a member of the Executive Committee in terms of regulation 21, shall become a member thereof *ex officio* with effect from the date of his appointment as deputy chairman and during his period of office as such.

(e) By the substitution for sub-regulation (2) of regulation 21 of the following sub-regulation:—

"(2) Subject to the provisions of sub-regulation (3) of regulation 20 the Executive Committee shall hold office for a period of five years."

(f) By the deletion in sub-regulation (1) of regulation 22 of the words "or his deputy appointed by him".

(ii) Getal boeke geleen deur skoliere, leerlinge, studente of kwekelinge, geklassifiseer volgens taal, gedurende die jongste kalenderjaar.

(l) Of die skool of inrigting al dan nie gebruik maak van radiolesse, film, strokiesfilms, grammofoon-plate of draad- of bandopnametoestelle.

4. 'n Persoon wat sonder goeie rede in gebreke bly om aan die vereistes van hierdie regulasies te voldoen begaan 'n oortreding en is by skuldigebevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand.

5. Hierdie regulasies vervang dié wat by Kennisgewing No. 674 in die *Staatskoerant*, gedateer 12 April 1938, gepubliseer is.

LET WEL.—Die doel van hierdie regulasies is om die omvang van die statistieke ten opsigte van private onderwysinrigtings uit te brei en groter uniformiteit te verkry met die gegewens wat ten opsigte van openbare onderwys versamel word.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. R. 866.] [20 Oktober 1961.
WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE CISKEISE GEBIEDSOWERHEID.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewentien* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), die regulasies vervat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. R. 496 van 1961, soos volg te wysig:—

(a) Deur die vervanging in die woordomskrywing van „voorsitter” in regulasie 1 van die woorde „of sy plaasvervanger” deur die woorde „en sluit ook in enige adjunk-voorsitter”.

(b) Deur die invoeging in regulasie 1 na die woordomskrywing van „lid” van die volgende woordomskrywing:—

„Hoofuitvoerende Beampte sluit ook in die Adjunk-hoofuitvoerende Beampte.”

(c) Deur die invoeging in regulasie 2 na die woord „voorsitter” van die woorde „of adjunk-voorsitter”.

(d) Deur die invoeging in regulasie 20 van die volgende subregulasies, terwyl die bestaande regulasie sub-regulasie (1) word:—

(2) 'n Adjunk-voorsitter wat ook die Adjunk-hoofuitvoerende Beampte is, synde 'n lid van die Gebiedsowerheid, word met goedkeuring van die Minister benoem deur die Uitvoerende Komitee nie later nie as veertien dae voor die begin van elke gewone jaarvergadering van die Gebiedsowerheid en sodanige persoon is, vir die toepassing van hierdie regulasies, die gevolmagtigde van die voorsitter genoem in paragraaf (2) van Goewermentskennisgewing No. R. 496 van 1961.

(3) Die adjunk-voorsitter se ampstyd is 'n tydperk van een jaar of tot die vergadering van die Uitvoerende Komitee belê met die doel om 'n adjunk-voorsitter te benoem wat, indien hy nie reeds as lid van die Uitvoerende Komitee kragtens regulasie 21 aangestel is nie, *ex officio* 'n lid daarvan word met ingang vanaf die datum van sy benoeming as adjunk-voorsitter en gedurende sy ampstyd as sodanig.

(e) Deur subregulasie (2) van regulasie 21 deur die volgende subregulasie te vervang:—

„(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (3) van regulasie 20 is die Uitvoerende Komitee se ampstyd 'n tydperk van vyf jaar.”

(f) Deur in subregulasie (1) van regulasie 22 die woorde „of sy plaasvervanger deur hom aangestel” te skrap.

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. R. 856.] [20 October 1961.
PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—REGULATIONS.

The Minister of Education, Arts and Science has under and by virtue of the powers vested in him by section *ten* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), made the following regulations:—

1. An application for the registration of a name, uniform, coat-of-arms or badge shall be in the form set out in Annexure A to these regulations.
2. To such application shall be annexed—
 - (a) a pictorial representation or drawing of the uniform, coat-of-arms or badge, executed in a manner approved by the Minister;
 - (b) a copy of the constitution, if any, of the association or institution;
 - (c) a letter from the Registrar of Patents, Designs, Trade Marks and Copyright to the effect that neither the uniform nor the coat-of-arms or badge nor any part thereof has been and remains registered as a design under the Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916.
3. Any objection that may be lodged against an application for the registration of a name, uniform, coat-of-arms or badge shall be in the form set out in Annexure B of these regulations.
4. A certificate of registration issued under the provisions of sub-section (2) of section *five* of the Act shall be in the form set out in Annexure C to these regulations.
5. The notice calling upon any association or institution to show cause why its certificate of registration shall not be amended or cancelled, shall be in the form set out in Annexure D to these regulations.
6. Government Notice No. 1562 of 19th October, 1935, is hereby repealed.

ANNEXURE A.

FORM OF APPLICATION.

(Sections *two* and *three* of Act No. 23 of 1935.)

To the Secretary for Education, Arts and Science, Pretoria.

I, the undersigned, being (state here Chairman, Secretary or Chief Executive Officer) of (state name of association/institution) hereby apply for the registration of—

- (i) the name;
- (ii) the special name;
- (iii) the uniform;
- (iv) the coat-of-arms or the badge;

(Delete items not required)

of that body, in respect of which the following particulars are furnished:—

- (a) Full name and address of the association or institution.....
- (b) Full name and address of parent body to which it is affiliated or with which it is connected.....
- (c) The special name or designation, if any, used by the association or institution for its members or for the members of any organisation constituted by it in pursuance of its rules and regulations and in respect of which protection is sought.....
- (d) The objects of the association or institution (unless these are fully set out in the constitution).....

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. R. 856.] [20 Oktober 1961.
BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—REGULASIES.

Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die volgende regulasies opgestel:—

1. 'n Aansoek om die inskrywing van 'n naam, uniform, wapen of kenteken word gedoen in die vorm soos vervat in Aanhangsel A van hierdie regulasies.
2. By die aansoek word aangeheg—
 - (a) 'n afbeeldende voorstelling of tekening van die uniform, wapen of kenteken, uitgevoer op 'n manier deur die Minister goedgekeur;
 - (b) 'n knopie van die konstitusie, indien daar is, van die vereniging of inrigting;
 - (c) 'n brief van die Registrateur van Patente, Modelle, Handelsmerke en Outeursreg waarin verklaar word dat nóg die uniform nóg die wapen of kenteken of 'n gedeelte daarvan as 'n model ingevolge die Wet op Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916, ingeskryf is en bly.
3. 'n Beswaar wat teen 'n aansoek om die inskrywing van 'n naam, uniform, wapen of kenteken ingebring mag word, word ingedien in die vorm vervat in Aanhangsel B van hierdie regulasies.
4. 'n Inskrywingsertifikaat wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van artikel *vyf* van die Wet uitgereik word, moet in die vorm wees soos vervat in Aanhangsel C van hierdie regulasies.
5. Die kennisgewing waarby 'n vereniging of inrigting gevra word om gronde aan te voer waarom sy sertifikaat van inskrywing nie gewysig of herroep moet word nie, moet in die vorm wees soos vervat in Aanhangsel D van hierdie regulasies.
6. Goewermentskennisgewing No. 1562 van 19 Oktober 1935 word hierby herroep.

AANHANGSEL A.

AANSOEKVORM.

(Artikels *twee* en *drie* van Wet No. 23 van 1935.)

Aan die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria.

Ek, die ondergetekende (meld hier Voorsitter, Sekretaris of Hoofuitvoerende Amptenaar) van (meld naam van vereniging/inrigting) doen hierby aansoek om die inskrywing van—

- (i) die naam;
 - (ii) die spesiale naam;
 - (iii) die uniform;
 - (iv) die wapen of kenteken;
- (Skrap die items wat nie nodig is nie)

van daardie liggaam, ten opsigte waarvan die volgende besonderhede verstrekkend word:—

- (a) Volle naam en adres van die vereniging of inrigting.....
- (b) Volle naam en adres van hoofliggaam waarmee dit geaffilieer of verbind is.....
- (c) Die spesiale naam of betiteling, as daar is, wat deur die vereniging of inrigting gebruik word vir sy lede of die lede van 'n organisasie wat hy ooreenkomstig sy reglement en statute gekonstitueer het en ten opsigte waarvan beskerming gevra word.....
- (d) Die doelstellings van die vereniging of inrigting (indien dit nie breedvoerig in die konstitusie gemeld word nie).....

(e) The exact and precise description of the pictorial representation or design of—
 (i) the name;
 (ii) the uniform;
 (iii) the coat-of-arms or the badge;
 to be registered.....

 I annex hereto a pictorial representation of.....
 in respect of which registra-
 tion is applied for and a correct and up-to-date
 copy of the constitution of my association or
 institution.
 Signed.....
 Designation.....
 Place.....
 Date.....

ANNEXURE B.

FORM OF OBJECTION.

(Section four of Act No. 23 of 1935.)

To the Secretary for Education, Arts and Science,
 Pretoria.

I, the undersigned, hereby object, for the reasons
 detailed hereunder, to the registration of the name, the
 special name, the uniform and the coat-of-arms or badge,
 or any part thereof, of.....

..... (state name and
 address of the association or institution making the
 application) particulars of which were published under
 Government Notice No..... of..... (date)
 in the *Government Gazette*, dated.....

(Reasons to be given here.)

.....

Signed.....
 Designation.....

Date.....
 Full address.....

ANNEXURE C.

CERTIFICATE OF REGISTRATION.

(Section five of Act No. 23 of 1935.)

This is to certify that the (name of association or
 institution) has been duly registered in terms of the
 Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, and
 subject to the provisions of section seven of the said Act,
 the said association (or institution) is hereby granted the
 sole and exclusive right in the Republic of South Africa
 to use the name, uniform and coat-of-arms or badge
 described in detail hereunder.

By Order of the Minister of Education, Arts and
 Science.

.....
 Secretary for Education, Arts and Science.

Date and place.....

(Particulars Registered.)

Full name.....
 Special name.....
 Uniform.....
 Coat-of-arms or badge.....

(e) Die noukeurige en juiste beskrywing van die
 afbeeldende voorstelling of model van—
 (i) die naam;
 (ii) die uniform;
 (iii) die wapen of kenteken;
 wat ingeskryf moet word.....

 Ek heg hierby aan 'n afbeeldende voorstelling van
 ten opsigte
 waarvan inskrywing verlang word en 'n juiste en
 bygewerkte kopie van die konstitusie van my ver-
 eniging of inrigting.
 Geteken.....
 Ampstitel.....
 Plek.....
 Datum.....

AANHANGSEL B.

BESWAARVORM.

(Artikel vier van Wet No. 23 van 1935.)

Aan die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap,
 Pretoria.

Ek, die ondergetekende, maak hierby beswaar, om die
 redes hieronder breedvoerig gemeld, teen die inskrywing
 van die naam, die spesiale naam, uniform en wapen of
 kenteken, of enige gedeelte daarvan, van.....

.....
 (meld naam en adres van die vereniging of inrigting wat
 aansoek doen) waarvan besonderhede gepubliseer is by
 Goewermentskennisgewing No..... van.....

..... (datum) in die *Staatskoerant*, gedateer

(Redes moet hier gemeld word)

.....

Geteken.....
 Ampstitel.....

Datum.....
 Volledige adres.....

AANHANGSEL C.

INSKRYWINGSERTIFIKAAT.

(Artikel vyf van Wet No. 23 van 1935.)

Hierby word gesertifiseer dat die (naam van vereniging
 of inrigting) behoorlik ingeskryf is kragtens die bepalings
 van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet,
 1935, en behoudens die bepalings van artikel sewe van
 genoemde Wet, word hierby aan genoemde vereniging (of
 inrigting) die alleen- en uitsluitende reg in die Republiek
 van Suid-Afrika verleen om die naam, uniform en wapen
 of kenteken te gebruik wat hieronder breedvoerig beskryf
 word.

Op las van die Minister van Onderwys, Kuns en Weten-
 skap.

.....
 Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Datum en plek.....

(Besonderhede wat ingeskryf is.)

Volle naam.....
 Spesiale naam.....
 Uniform.....
 Wapen of kenteken.....

ANNEXURE D.

NOTICE TO SHOW CAUSE WHY A CERTIFICATE OF REGISTRATION SHALL NOT BE AMENDED OR CANCELLED.

To the Chairman, Secretary or Chief Executive Officer.
 As the representative of your association (or institution), which is registered with the Minister of Education, Arts and Science under the provisions of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, you are hereby called upon to show cause by means of a statement, in writing, submitted to me at..... on or before the (date)..... why such certificate shall not be amended (or cancelled) in respect of (state particulars) for the following reasons.....
 Secretary for Education, Arts and Science.

AANHANGSEL D.

KENNISGEWING OM GRONDE AAN TE VOER WAAROM 'N INSKRYWINGSERTIFIKAAT NIE GEWYSIG OF HERROEP MOET WORD NIE.

Aan die Voorsitter, Sekretaris of Hoofuitvoerende Amptenaar.
 As die verteenwoordiger van 'n vereniging (of inrigting) wat kragtens die bepalings van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935, by die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap ingeskryf is, word u hierby versoek om deur middel van 'n skriftelike verklaring wat voor of op (datum)..... te (plek)..... aan my voorgelê moet word, gronde aan te voer waarom sodanige sertifikaat ten opsigte van (meld besonderhede) nie om die volgende redes gewysig (of herroep) moet word nie.....
 Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. R. 864.] [20 October 1961.
AMENDMENT NOTICE.

In Government Notice No. R. 726, published in *Government Gazette Extraordinary* No. 88 (*Regulation Gazette* No. 31) of 22nd September, 1961, the date of publication appeared erroneously as 22nd November, 1961. This should be amended to read 22nd September, 1961.

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. R. 864.] [20 Oktober 1961.
WYSIGINGSKENNISGEWING.

In Goewermentskennisgewing No. R. 726, gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* No. 88 (*Regulasiekoerant* No. 31) van 22 September 1961, is die datum van publikasie foutief aangewys as 22 November 1961. Dit moet gewysig word om 22 September 1961 te lui.

CONTENTS.

No.	PAGE
PROCLAMATION.	
R. 108. Human Trypanosomiasis (Sleeping-sickness): Eastern Caprivi Zipfel	1
Department of Railways and Harbours.	
GOVERNMENT NOTICE.	
R. 863. Instructions Governing the South African Railways and Harbours Tender Board: Correction	2
Department of Interior.	
GOVERNMENT NOTICE.	
R. 877. Regulations under Section 12 of the Statistics Act, 1957: Information to be Furnished by Private Educational Institutions	2
Department of Bantu Administration and Development.	
GOVERNMENT NOTICE.	
R. 866. Amendment of the Regulations for the Ciskeian Territorial Authority	4
Department of Education, Arts and Science.	
GOVERNMENT NOTICE.	
R. 856. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: Regulations	5
Department of Posts and Telegraphs.	
GOVERNMENT NOTICE.	
R. 864. Amendment to Government Notice No. R. 726	7

INHOUD.

No.	BLADSY
PROKLAMASIE.	
R. 108. Menslike Trypanosomiase (Slaapsiekte): Oostelike Caprivi Zipfel	1
Departement van Spoorweë en Hawens.	
GOEWERMENTSKENNISGEWING.	
R. 863. Instruksies van Toepassing op die Tenderaad van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Verbetering	2
Departement van Binnelandse Sake.	
GOEWERMENTSKENNISGEWING.	
R. 877. Regulasies kragtens Artikel 12 van die Wet op Statistieke, 1957: Inligting wat deur Private Onderwysinrigtings Verstrekk moet word	2
Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.	
GOEWERMENTSKENNISGEWING.	
R. 866. Wysiging van die Regulasies vir die Ciskeise Gebiedsoowerheid	4
Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.	
GOEWERMENTSKENNISGEWING.	
R. 856. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Regulasies	5
Departement van Pos-en-telegraafwese.	
GOEWERMENTSKENNISGEWING.	
R. 864. Wysiging van Goewermentskennisgewing No. R. 726	7

Statistical publications issued by the BUREAU OF CENSUS AND STATISTICS are of immense interest to Manufacturers, Merchants and Businessmen

These publications include the following :—

1. The *Official Year Book of the Union of South Africa* is a compendium containing information on practically any subject which is of public interest.
2. The *Monthly Bulletin of Statistics* covers current statistical information on a great variety of economic and social subjects. Each issue contains more than 100 statistical tables as well as statistical annexures. The price is R0.50 per copy or R5.00 per annum post free.
3. *Blue Books*: These official reports are issued periodically in printed form and cover many subjects. The statistics published in these reports are complete and final.
4. *Special Reports* appear in rounded form and cover a great variety of subjects of economic and social interest.

BECOME A SUBSCRIBER TO THE MONTHLY BULLETIN NOW!

and purchase other publications of the Bureau.

Prices are obtainable from the GOVERNMENT PRINTER, Pretoria and Cape Town.

Apply to the BUREAU OF CENSUS AND STATISTICS, Pretoria, for full particulars and the latest list of publications.

Statistiese publikasies uitgereik deur die BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK is van baie groot belang vir Vervaardigers, Handelaars en Sakemanne

Hierdie publikasies sluit die volgende in :—

1. Die *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika* is 'n samevatting wat inligting bevat oor feitlik enige onderwerp wat van openbare belang is.
2. Die *Maandbulletin van Statistiek* dek lopende statistiese inligting oor 'n groot verskeidenheid van ekonomiese en maatskaplike onderwerpe. Elke uitgawe bevat meer as 100 statistiese tabelle asook statistiese bylaes. Die prys is R0.50 per eksemplaar of R5.00 jaarliks posvry.
3. *Blouboeke*. Hierdie amptelike verslae word van tyd tot tyd uitgegee en dek baie onderwerpe. Die statistieke wat in hierdie verslae voorkom is volledig en finaal.
4. *Spesiale Verslae* verskyn in afgerolde vorm en dek 'n groot verskeidenheid van onderwerpe van ekonomiese en maatskaplike belang.

WORD NOU 'N INTEKENAAR OP DIE MAANDBULLETIN!

en koop ander publikasies van die Buro.

Pryse is verkrygbaar van die STAATSDRUKKER, Pretoria of Kaapstad.

Doen aansoek by die BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK, Pretoria vir volle besonderhede en die jongste publikasielys.